UITNODIGING OM VOORLEGGINGS: DARLING ENTREPRENEURSWERF

(VERHURING VAN HOUERS)

Die Swartland Munisipaliteit is besig om houers te verkry wat ons aan entrepreneurs sal beskikbaar stel om klein of mikro-ondernemings by die De Vlei-amfiteater, in wyk 5 en 6 (DARLING), te bedryf.

Ons nooi klein en mikro-ondernemings uit om hulle sakeplan voor te lê om hierdie die volgende houers te kan huur:

- Snoepie
- Wegneemetes
- Kleremaak (Verstellings en maak van klere)
- Haarsalon / Barbier
- Die volgende maatstawwe geld:

MAATSTAWWE

- Slegs opkomende klein, medium grootte en mikro-ondernemings (SMMO's) kom in aanmerking.
- Die ondernemings op die werf mag nie drank verkoop nie.
- Aansoekers mag nie agterstallige munisipale rekeninge hê nie en moet 'n geldige belastinguitklaringsertifikaat hê.
- Slegs inwoners van wyk 5 of 6 in Darling mag aansoek doen.
- Die handelaar/eienaar van die onderneming moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees en 'n geldige Suid-Afrikaanse identiteitsdokument voorlê.
- Sake-eenhede word tot een houer per onderneming, eienaar of huishouding beperk.
- Aansoekers wat 'n SSMO bedryf het en wat huidig in bedryf is, kry voorkeur.
- Aansoekers wat selfvervaardigde goedere of dienste verkoop, kry voorkeur.
- Die houers mag nie onderverhuur word nie.

AANSOEKPROSES

- Die aansoekproses moet voldoen aan die riglynbepalings in die Nasionale Raamwerk vir Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling, waarvan die oogmerk is om vermoë onder voorheen benadeelde gemeenskappe te bou.
- Aansoekvorms is by die munisipale kantoor en Darling Outreach Foundation (Die Nessie) in Darling beskikbaar.
- Aansoekers moet die voorgeskrewe vorm invul en saam met die stawende dokumente by die munisipale kantoor in Darling inlewer in 'n koevert wat duidelik vir "Darling Entrepreneurswerf" gemerk is, geadresseer aan die Departement Ontwikkelingsdienste. Die vorm en dokumente kan ook ge-e-pos word: swartlandmun@swartland.org.za.
- Ons sal kandidate op die kortlys plaas en met hulle onderhoude voer slegs as hulle aansoekvorm en sakeplan aan die maatstawwe hier bo voldoen.
- 'n Houer op die entrepreneurswerf word ooreenkomstig die ondertekende huurooreenkoms aan klein ondernemings verhuur vir 'n tydperk van 24 maande. Daar is 'n opsie om te hernu, mits die onderneming aan 'n volhoubaarheidsassessering voldoen.
- Die Swartland Munisipaliteit sal die bepalings en voorwaardes van die ooreenkoms opstel.

AANSOEKE SLUIT 12 MAART 2024 OM 17:00.

Skakel vir Hillary Balie by 022 487 9400 met u navrae.